Onderhoud in Keur, 11 Maart 1988

Hoekom skryf jy, Dalene Matthee?
“Ek het maar altyd geskryf. Dis al wat ek kan doen. Ek is te onnosel vir iets anders.
Ek het stories geskryf vir tydskrifte. Hulle het my deur menige finansiële drif gehelp. Maar ek het nooit ’n skuilnaam gebruik nie.

Toe het sy haar eerste boek uitgegee. ’n Bundel kortverhale wat “nie geskik was vir tydskrifte nie”. “Die Judasbok lê my nou nog baie na aan die hart.”

Na Die Judasbok beland sy, soos sy sê, op ’n kruispad. “Ek is klaar met kortverhale en ek wil net in dialoog werk. Maar ek het nie geweet hoe ’n onmoontlikheid dit is om by die SAUK in te kom, hoe geslote hul geledere in daardie stadium was nie.” Sy lê twee reekse voor. Die eerste een het hulle nooit eers gelees nie. “Ek het my truuks om uit te vind. Hulle het geen belang gestel nie, al was dit ook goed. Daar sit ek toe met twee TV reekse wat niemand wou hê nie. Ek maak hulle toe romans. Die een word Petronella Van Aarde, die ander ’n Huis vir Nadia. Ek kon dit nie bekostig om hulle weg te gooi nie.”

Hoe lank werk jy aan ’n boek?
“Baie lank. Dit kos navorsing. Ek hou daarvan om feite as my basis te gebruik, die storie is die sement. Ek kan nie sommer dinge uit die lug grup nie. Ek moet gewig hê om mee te werk”.

“Jy dra ’n groot verantwoordelikeheid om jou feite histories juis te hê. As jy daardie feit daar neergesit het, dan staan hy daar.”

Daarom kom ek terug na my eerste vraag: Hoekom skryf sy? Waar kry sy die inspirasie, haar idees, wat kom eerste, die hoender of die eier?

“Navorsing bring die storie. Soos dit loop, kruip die storie daaruit. Jy raak hiper-sensitief vir ‘n moontlikheid. Daar word dit ’n dringendheid. Jy wil die storie vertel.

“Ek is baie bang en baie versigtig. Jy moet seker wees van jou feite. Jy durf nie op hoorsê staatmaak nie. Baie dikwels moes ek ’n goeie storie, ’n episode wat ek weet hier is ’n ding, weggooi omdat ek nie dokumentêre bewyse daarvoor kon kry nie.”

En as sy, soos dit met enige ander skrywer gebeur, geestelik op ’n kaalhaaivlakte beland, vlug sy Bos toe. Rugsakstap. Soms vir ’n paar dae, soms net vir ’n dag se stap. Partykeer saam met ander of familie.

Sy het as deel van haar “navorsing” nagte alleen in die Knysnabos deurgebring. Verlief geraak op die Bos.

“Ek gaan Bos toe om te herlaai. Ek is op my gelukkigste in die Bos. Dit maak jou siel skoon, jy raak ontslae van ‘n paar onnodige dinge.”

Ek voel die kruispadstorie is nog nie behoorlik omgespit en deurgewerk tussen ons nie. En hoe het sy van die kruispad af in die bostrilogie gekom?

“Ek sê vir jou, dit kon nie toeval gewees het nie, daardie staptoer en daardie akkerbome.

“Ek wou dialoog skryf en hulle wou dit nie hê nie. Ek het twee romans van die dialoog gemaak. Ek wou nie meer kortverhale skryf nie. Ook nie romans nie. Wat skryf ek? Dis al werk wat ek kan doen.”

Toe vlug sy Bos toe, gaan stap in die Outeniekwa-wandelpad.

“Driekwart daar, kyk ek op. Ek is verskriklik moeg. En daar reg voor my staan ’n akkerboom waar daar g’n akkerboom behoort te wees nie. En ’n end verder staan nog ’n paar akkerbome. Niemand van die stapgroep kan vir my sê wat soek die akkerbome daar en hoe kom hulle daar nie. Op die dorp weet hulle ook nie.

“‘n Week na daardie dag is ek in Knysna. Daar het ek die eerste sooi van die bostrilogie gespit. Ek het nie geweet wat ek gaan doen nie, ek het net geweet ek moes weet.”

En so, uit die navorsing oor die Bos en sy geskiedenis, uit haar nuuskierigheid oor ’n paar misplaaste akkerbome, is Saul Barnard gebore en Fiela Komotie en haar hanskind. En Silas. Daar is iets van Fiela Komotie in haar, iets van Kate. Iets stuwends.

As mens en as skryfster stel sy waarheid en waardigheid as prioriteite. “Nooit mag jy ’n ander se siel verlaag deur wat jy skryf nie.”

Hemingway het gesê: “When a writer loses his loneliness, he is in trouble.” “Ek is die eensaamte mens. En ek klou aan my absolute privaatheid. Dan is ek op my gelukkigste. Dan het ek geen probleme nie.”

“Jy kan baie dinge doen. Jy kan skerp skryf. Jy kan omstrede wees. Maar jy kan nie die wette van die Muse oortree nie. Jy mag nie lieg nie en jy mag nie iets skryf wat ’n mens verlaag nie. Hulle sal jou dit nooit vergewe nie.”

BRON: Keur, 11 Maart 1988